


AFRIKAANSE LEESMAATSTAWWE

OPSOMMING

November 2022

Suid-Afrika het 11 amptelike tale wat verskil in terme van struktuur en kompleksiteit. Alhoewel die kurrikulum vir elke taal teikens insluit, is daar histories 'n gebrek aan 'n omvattende en sistematiese maatstafproses. Ten spyte daarvan dat die Afrikaanse taal histories aansienlike belegging geniet het, toon data voorsien deur die Afrikaanse Taalraad dat daar steeds 'n gebrek is aan grootskaalse Afrikaanse assesserings en data-insamelingspogings met die doel om leer te bevorder en hulpmiddels te ontwikkel deur middel van ontluikende geletterdheid, dekodeerings- en skryfvaardighede te ontwikkel in ooreenstemming met huidige standaarde en kurrikulumverwagtinge.

Wat is leesmaatstawwe?



Hoe is die leesmaatstawwe bepaal?

Die assesserings afgelê met leerders is ontwikkel in samewerking met onderwysdeskundiges, leeskundiges, Afrikaanse taalkundiges en kwantitatiewe kundiges. Die eindprodukt van hierdie samewerking was ontwerp om beide tegniese en praktiese bruikbaarheid te verseker. Leerders was geassesseer deur 'n aangepaste vroeëgraadleesassessering wat spesifiek ontwerp is om die stel van leesmaatstawwe moontlik te maak. Assesserings is op 'n een-tot-een-basis geadministreer met skriftelike assesserings wat deur groepe in 'n eksamen-tipe omgewing afgelê is. Die leerderassesserings is elektronies geadministreer, met duidelike protokolle in plek, om maksimum geldigheid te verseker. Die data is in 2022 by 100 skole in die Wes-Kaap ingesamel.

Hoe kan leesmaatstawwe gebruik word?

Sisteemvlakke	Omskrywing van doelwitte en verwagtinge vir lees	Uiteensetting & vir effektiewe assesserings vir lees	Uiteensetting vir intervensie doelwitte
NATIONALE EN PROVINSIALE ADMINISTRASIE 	<p>Maatstawwe verwoord en kommunikeer 'n onderwysstelsel se definisie van leesvaardigheid. Dit bevorder die uiteensetting van doelwitte regoor die stelsel met doelwit 1 van die DBO se aksieplan tot 2030.</p>	<p>Met 'n gedeelde begrip van die verwagtinge vir leesvaardigheid, word die leesassesseringsproses regoor die stelsel verenig.</p>	<p>Met 'n gedeelde begrip van die grootte en omvang van leesgapings regoor die stelsel, baan dit die weg vir 'n konstruktiewe intervensieproses.</p>
SKOOL 	<p>Maatstawwe stel standaarde en teikens vas waarna skoolleiers kan streef en is in lyn met die nasionale doelwitte vir leesvaardigheid.</p>	<p>Gestandaardiseerde assesseringspraktyke regoor die onderwyspraktyk en binne skole verseker dat assessering op skoolvlak in lyn is met die nasionale doelwitte vir leesvaardigheid.</p>	<p>'n Voorsiening van die uiteensetting van die remediërende ondersteuning wat in spesifieke skole vereis word en vereiste begrotingstoewysings. Fokus is op intervensieprogramme vir die verbeterde onderrig van lees en die verskaffing van leesondersteuningsmateriaal.</p>
KLASKAMER 	<p>Maatstawwe stel standaarde en teikens waarna onderwysers en studente kan streef.</p>	<p>Onderwysers kan bepaal hoeveel kinders in hul klas op koers is met hul leeswerk.</p>	<p>Geteikende remediërende programme vir leerders wat die risiko loop om nie te kan lees nie.</p>
HUISHOUDINGS 	<p>Maatstawwe stel standaarde vir ouers waarteen hul hul kinders se leesvaardighede kan meet.</p>	<p>Wanneer assesserings aan standaarde gekoppel is en duidelik in skoolverslae gekommunikeer word, verskaf dit betekenisvolle inligting aan ouers oor hoe goed hul kinders lees. Hulle kan deelneem aan hul kind se reis na leesvaardigheid.</p>	<p>Ouers en gemeenskappe word bemaatig om te bepaal of skole die nodige geleenthede bied vir hul kinders om te leer lees en om saam te werk om remediërende programme te vestig.</p>



basic education
 Department:
 Basic Education
 REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



Funda Wandé
 Reading for Meaning

